# BETEKENIS VAN

# KERSFEES

# VIR ONS

# GOD SE GESKENK AAN ONS

**Joh 3:16**

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**Rom 8:32**

Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

# OU TESTAMENT GEPROFETEER

**Jes 9:5**

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

**Jes 7:14**

Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.

**Gen 3:15**

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

# JESUS MOES MENS WORD

## Moes mens word

**Heb 4:15**
Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

- Sonde het gekom deur die mens.
- Sonde moes verwyder word deur mens Jesus Christus.

**Rom 4:25**

Wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.

## 1 Joh 4:10

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

## Luk 2:11

Dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.

# JESUS WEER VERHEERLIK

**Fil 2:6-9**

**6** Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,

**7** maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;

**8** en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

**9** Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

**1 Pet 3:22**

Wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.

# JESUS KOM WEER

**Tit 1:2**

In die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het.

**Joh 14:1-3**

**1** Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.

**2** In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

**3** En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

# TOEPASSING VIR ONS

- Maak plek vir Jesus.

**Luk 2:7**

En sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

- Stel jouself tot Sy beskikking.

**Luk 1:38**

En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

# TOEPASSING VIR ONS

- Weet jy is nie alleen.

**Matt 1:23**

Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.